# AMATEUR SKRYWERS BOND (ASB)

Sedert 2013. (Nie-Winsmakend) **Wenner van drie Merietetoekennings van die ATKV vir Taalbevordering.**

# AARD-S.O.S. STORIE-, DIG- en KUNSKOMPETISIE




**Sluitingsdatum verleng agv onaktiewe skole na: 30 September 2021. PRYSGELD: R12,000!**
**Beste inskrywings opgeneem in die AARD-S.O.S-bundel. Keurders bepaal wenners.**

**ALLE getikte inskrywings en foto's van kunsinskrywings moet ge-epos word na:**

**erniemellet@gmail.com. Navrae: ERNIE MELLET Sel 079.333.0055 (Verskaf Ouderdom en Afdeling)**

**"AARD-S.O.S."-BUNDEL:**

'n Pragtige A4 Landskap-bundel met die beste inskrywings en kleurfoto's sal gepubliseer word (seker so teen November 2021). Dit sal 'n eer vir skrywers en kunstenaars as hulle werk daarin verskyn en geen vergoeding word dus betaal vir die gebruik van skryfwerk of kunsfoto's nie.

**FOKUSPUNTE: DIE OMGEWING, GESINSINTERAKSIE, OPVOEDING, KUNS en TAALBEVORDERING.**

**DOEL AGTER DIE KOMPETISIE**: Om **ALLE** bewoners van ons enigste Aardbol, bewus te maak van sy goeie en slegte eienskappe. Klimaatsverandering is 'n feit en al hoe meer mense dink dat ons terug-beweeg na "en die aarde was woes en leeg". Ons moet dus die goeie probeer verbeter en huidige foute regstel: **ALMAL** van ons (kinders, ouers en groot-ouers!) moet saamwerk om daarvan 'n sukses te maak.
**ALLE inkomste uit inskrywingsfooie, borgskappe, donasies en advertensies word teruggeploeg.**

Veral die afgelope 70 jaar het ons die enigste Aarde wat ons ontvang het, verwaarloos. Dit het begin by die vorige geslag, het gesneeubal na ons en nou beïnvloed dit ook kinders geweldig.
Kyk die reekse **"MUTANT WEATHER", "HOW THE EARTH WORKS"** & **"WEATHER GONE VIRAL"** op die Discoveryfamily-kanaal (Kanaal 136).

Waar ander vastelande soos Amerika, Europa en die Ooste baie erger storms as ons beleef, het toestande soos El Nino en La Nina ook 'n uitwerking op ons lugstrome en weer. Damme raak minder vol, boorgate droog op omdat ondergrondse water nie onbeperk is nie, seisoene skuif al meer aan en Dag Zero word deur al meer plekke ondervind. Droogtes is algemeen, Munisipaliteite is hopeloos in hulle hantering van waterbestuur en infrastruktuur faal gereeld.

**Die Aarde stuur dus 'n "S.O.S."-noodsein uit na almal van ons: grootouers, ouers en kinders om DAADWERKLIK iets te doen om die aarde te help red**. En dit is nie nie soetsappige beelde in films nie,

**DIT IS DIE NARE, HARDE WERKLIKHEID**! Ons kan dit ook nie ignoreer nie, want, soos gene, dra ons al slegter toestande oor aan die volgende geslag.

**DIE KOMPETISIES GAAN NIE NET OOR DIE AGTERUITGANG VAN DIE AARDE NIE, MAAR OOK OOR DIE MOOI DINGE WAT NOG BESTAAN EN WAT BEWAAR MOET WORD. ALBEI IS EWE BELANGRIK…**

**……**

**INSKRYWINGSFOOIE: DIE AANTAL INSKRYWINGS IN DIE SKRYF- EN DIGAFDELINGS IS ONBEPERK. JY BETAAL R30 VIR DIE EERSTE INSKRYWING EN MAG DAARNA NOG ENIGE AANTAL INSKRYWINGS INSTUUR OP ENIGE STADIUM TOT DIE VERVALDATUM. VIR ALMAL BETAAL JY NET R20 EKSTRA!**

**INSKRYWINGSFOOIE: Betaal in asb: Nedbank, Seepunt Tjekrekening: E.J. MELLET Rekeningnommer 1069 201 847 Takkode 106909. Gebruik "ASOS" as verwysing met jou naam daarna.**

**Stories en Gedigte word net in AFRIKAANS aanvaar.**

**SKOLIERE beteken kinders op skool van enige ouderdom.**

**Help ons asseblief om die inskrywings te standaardiseer: Tik asb jou teks in Arial 12.**

**Gee jou skrywe 'n Arial 24 Bold opskrif met jou naam in Arial 12 Bold net daaronder indien moontlik.**

## AFDELINGS: Enige onderwerp oor die AARDE uit die lys of gebruik jou eie.

1) "AARD-S.O.S." **STORIES (Kortverhale): Volwassenes**: R800, R500 en R200. Nie meer as 2000 woorde nie. Net in Wordformaat. Inskrywingsfooi: R30 vir een storie, R50 vir meer as een storie ongeag aantal.

2) "AARD-S.O.S." **STORIES (Kortverhale): ALLE Skoliere.** R800, R500 en R200. Nie meer as 2000 woorde nie. Net in Wordformaat. Inskrywingsfooi: R30 vir een storie, R50 vir meer as een storie ongeag aantal.

3) "AARD-S.O.S." **GEDIGTE: Volwassenes**: R800, R500 en R200. Nie meer as 40 lyne nie. Net in Wordformaat. Inskrywingsfooi: R30 vir een gedig, R50 vir meer as een gedig ongeag aantal.

4) "AARD-S.O.S." **GEDIGTE: ALLE Skoliere:** R800, R500 en R200. Nie meer as 40 lyne nie. Net in Wordformaat. Inskrywingsfooi: R30 vir een gedig, R50 vir meer as een gedig ongeag aantal.

**Verhale en gedigte net in Afrikaans**: Julle kan enige onderwerp wat met die Aarde te doen het, as tema gebruik vir digwerk. Uit selfwaarneming, selfondervinding, jou verbeelding of Googlefeite, moet jy, vir die storie-afdeling, **'n verhaal uitdink met karakters wat jy skep**.

**Julle moet eerder op EEN faset van aardvernietiging/aardwonders gekonsentreer as op die HELE aarde**. **IN KUNS: BEELD DUS EERDER DIE PROSES UIT AS DIE FINALE PRODUK: BV NIE DIE PARK AS DIT KLAAR IS NIE, MAAR HOE DIE MENSE IN DIE PARK WERK OM DIT BETER TE MAAK!**

**Volwasse persone mag as mentors optree, maar nie fisies aan die skrywes van kinders werk nie**.

**5)** "AARD-S.O.S." **EEN-DIMENSIONELE KUNS:** Net vir **ENKELskoliere**. R1000, R500 en R200. R50 per inskrywing. Enige aantal inskrywings. **Volwasse persone mag as mentors optree, maar nie fisies aan die kuns van kinders werk nie**. Jy neem enige onderwerp op die aarde en maak 'n skildery/tekening op papier, karton of doek in enige medium. **Potloodsketse mag dalk te lig wees om in te skryf tensy dit 'n donker potlood is**. 'n Skandering of foto moet van die kunswerk geneem word en dit moet as J-PEG (sonder enige oortollige beeld aan die kante) ge-epos word. Onthou dat die skildery/ tekening in **LANDSKAP**profiel gemaak moet word (m.a.w. breër as hoog), want dit is die formaat van die bundel. Die

meeste skandeermasjiene kan net tot op A3 skandeer, maar as daar 'n foto geneem word van die kunswerk, kan dit groter wees.

**6)** "**AARD-S.O.S.**" **DRIE-DIMENSIONELE KUNS**: Net vir **ENKELskoliere**. R1000, R500 en R200. Kuns met enige materiaal wat uit verskeie vlakke op of langs mekaar bestaan (soos 'n gebou-model). Geen foto's of uitknipsels mag gebruik word nie; alles moet oorspronklik wees. 'n Foto (sonder oortollige beeld aan die kante) word per epos ingeskryf as JPEG. R50 per inskrywing. Enige aantal inskrywings toelaatbaar. Jy mag beligting gebruik vir 'n beter beeld. Tot 3 foto's van dieselfde model toegelaat. **Inskrywings net in A4-LANDSKAPfoto's! Volwasse persone mag as mentors optree, maar nie fisies aan die kuns van kinders werk nie**.

**7)** "**AARD-S.O.S.**" **DRIE-DIMENSIONELE KUNS**: Net vir 'n **SKOOL-KLAS**. R1600, R800 en R200. Kuns met enige materiaal wat uit verskeie vlakke op of langs mekaar bestaan (soos 'n gebou-model). Dit gaan lekker wees! Hier bou die leerders 'n model van een of ander toneel op aarde. Sleg of goed. Geen foto's of uitknipsels mag op die model gebruik word nie; alles kan gemaak word uit enige medium en dit kan geteken of ingekleur word in enige medium. 'n Foto (sonder oortollige beeld aan die kante) word per epos ingeskryf as JPEG. R50 per inskrywing. Enige aantal inskrywings toelaatbaar. Jy mag ekstra beligting gebruik vir 'n beter beeld. Tot 3 foto's van dieselfde model toegelaat. **Inskrywings net in A4-LANDSKAPfoto's! Volwasse persone mag as mentors optree, maar nie fisies aan die kuns van kinders werk nie**.

## "AARD-S.O.S.": MOONTLIKE ONDERWERPE VIR STORIES, GEDIGTE EN KUNS:

**In geen spesifieke volgorde nie (jy mag ook jou eie onderwerp gebruik):**

(1) Die sand wat van die Saharawoestyn voed die reënwoude in Suid-Amerika! (2) Blikkiekompakteerder. (3) Plastiek-bottelopsnyer. (4) Glasbreker. (5) Plant elke week/maand 'n Boom êrens (6) Ethiopië, het al miljoene bome geplant om woestyn-indringing te keer. (7) Hidro-elektrisiteit. (8) Sigarette. (9) Gryswater. (10) Windmeul-windlaaier. (11) Die Groenbende se Park. (12) Sonkrag. (13) Branderkrag. (14) Rioolverwerking. (15) Die water in ons kraan. (16) Suikerriet as brandstof. (17) 'n Vis- en dierboerdery vir ons dorp. (18) Erdwurmplaas en groentetuin vir ons plakkerskamp. (19) Werkskepping met olywe. (20) Groentekoepels. (21) See-besoedeling. (22) Olie-besoedeling. (23) Verpakking/Herwinning. (24) Geotermiese elektrisiteit. (25) Plakkerskampe. (26) Rubber-herwinning. (27) Waterlose toilet. (28) Mynwater. (29) Koraalriwwe. (30) Vleie. (31) Indringerplante. (32) Steenkoolbesoedeling. (33) Akwafirs. (34) "Old Faithful". (35) Perlemoen. (36) Olieherwinning/hergebruik. (37) Bye en Vlinders. (38) Afval en Kompos. (39) Brande. (40) Dierstroping en Ontvoering. (41) Kruie en Tradisionele Medisyne. (42) Fotosintese. (43) Kos. (44) Vervoer. (45) Restaurant-afval. (46) 'n Groen Long vir jou Dorp. (47) Politici. (48) Reël 'n Optog. (49) Seediere en Kril. (50) Die Osoonlaag. (51) Droogtes en Droogteplante. (52) Waterplante. (53) Kibboetse vir SA. (54) Gletsers. (55) Arktika en Antarktika. (56) Hommeltuie vir bewaring en plase. (57) Elektroniese Rommel. (58) Hidrobreking. (59) Erosie. (60) Die Maan en Branders. (61) Plantasies en Papier. (62) Metanol. (63) Wolke, Mis, Reën en Sneeu. (64) Plant Inheems. (65) Suurstof/ Koolsuurgas. (66) Vulkane. (67) Mensgeboortes en Dood. (68) Dieretuine. (69) Isolering/Lugreëring. (70) Hittehuis. (71) Kloning en Saadmanipulasie. (72) Seegras en Bamboes. (73) Beurt-water en Beurtkrag. (74) Voedselsekerheid. (75) Nuwe Vee- en Diervoer. (76) Kernkragsentrales. (77) Alternatiewe aandrywing. (78) Dak- en Vertikale Tuine. (79) Diere en Metaangas. (80) Geologiese Foute en Aardbewings. (81) Oorstromings en Tsoenami's. Kyk die film: "The Impossible". (82) Biologiese Kos. (83) Seisoenale Diertrekke. (84) Lugstrome. (85) Oorlog. (86) Rivierbesoedeling. (87) Skoonmaak-aksies. (88) "Geenpeace" en Groenies. (89) Putte en Boorgate. (90) Besproeïngs-drupstelsels. (91) Die Antieke Karoo-moeras en Akwafir. (92) Okavango. (93) Boer met Kamele in die Karoo. (94) Bakstene/Paaie uit afvalmateriaal. (95) Afvalkuns. (96) Kommersiële Visvang. (97) Akwariums. (98) Die Osoonlaag. (99) Voertuigbrandstof. (100) Besparing in my huis. (101) Skole en Herwinning/Bewaring. (102) Vleis-eters en Vegetariërs. (103) "2050". (104) Ontsouting. (105) "Hug a Tree". (106) Ons Huis is Herwinningsvriendelik. (107) Mediese Afval. (108) Papierloos. (109) Spekbome. (110) Die Son. (111) El Nino / La Nina. (112) "Mutant Weather" op die Discovery-Family-kanaal. (113) Sprinkane. (114) Glas. (115) Paddas. (116) Hidroponika. (117) Hidrofiete. (118) Nuwe tipe, kleiner batterye. (119) Kelp/Seebamboesboerdery.

**SKRYWERS EN DIGTERS KAN NET GROEI AS HULLE NIE IN 'N GROEF BELAND EN GEDURIG OOR DIESELFDE ONDERWERPE SKRYF NIE. HIER IS DUS 'N GELEENTHEID OM MEER VEELSYDIG TE WORD. STERKTE!**